# GOD: DIE ALMAGTIGE, ALWETEND, ALOMTEENWOORDIG

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**Romeine 11:33 o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!**

**Rom 11:34 Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?**

**Rom 11:35 Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?**

**Rom 11:36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.**

Graag wil ek met u deel wat die Here aan my openbaar het.

## 1. GOD DIE ALMAGTIGE

Ons is so vinnig om die woord "Almagtig" te noem. Ek dink nie een van ons op hierdie aarde kan God in enige sin of enige woord ooit verklaar nie.

Dit is waarom ek so dikwels vir die Here sê: *Ek kan U nie groot maak nie, ek kan U nie besing, ek kan nie.* Al wat ek kan doen is om die Woord te vat en sodat die Woord U kan verheerlik; laat die Woord U loof; laat die Woord U prys; laat die Woord U besing; laat die lofsange van die Woord U verheerlik. Dan lees ek die Psalms voor die Almagtige sodat die Woord Homself dan verheerlik.

Ek het al baie keer gesit en dink aan die woordjie **Almagtige,** dan wonder ek net hoe kan 'n mens die woord **Almagtige** beskryf. Ek wil in die begin dit baie duidelik stel, daar is geen taal, nasie of volk wat daardie woord kan beskryf nie. Al sit ons al die tale op hierdie hele aarde bymekaar en elke woord en elke betekenis van elke taal en voeg daarby elke geklank van elke dier op aarde, en sit jy by elke getingel en iets wat kan gebeur in die natuur, elke blaartjie wat ritsel, elke windjie wat waai, elke water stroompie wat vloei, elke kabbeling van golfies, elke toestand van die see, al sit jy elke geluid wat die skepping kan maak, dan het jy nog nie die woord "Almagtig" omskryf nie.

Interessante feit: in die heelal is daar baie meer geluide as wat daar op aarde is, want die Bybel sê die sterre juig, die sterrestelsels (galaxies) besing en eer God. Psalm 148:3 Loof Hom, son en maan, loof Hom, alle ligtende sterre! Sou jy al daardie klanke saamvat en jy kan iets met dit skep byvoorbeeld menslik gesproke 'n ronde voorwerp, dan kan dit nog nie die naam **Almagtig** beskryf nie. Want al hierdie klanke en al hierdie dinge en al hierdie elemente en alles wat bestaan, kom uit die **Almagtige.** Dit is waarom niks kan groter wees nie.

### Die skepping kan nie groter wees as die Skepper nie.

Ek wil nou iets verduidelik wat miskien 'n klein beginseltjie is, wat tog te groot is vir my en jou kop om te verstaan. As ek die ganse wetenskap vat wat bestaan, net die wetenskaplikes sal kan verklaar hoe groot en magtig is die wetenskap en niks kan eintlik bestaan sonder die wetenskap nie, dan leer die wetenskap vir ons dat materie nie geskep of gemaak kan word nie. Al wat gebeur is dat materie omgesit word in 'n ander vorm, want elemente is elemente. Een verbind met 'n ander een en dan vorm dit 'n element. Twee (2) water molekules en een (1) suurstof molekule vorm water. Jy kan dit opbreek en dan is dit weer waterstof en suurstof. Jy kan nie materie skep nie want dit bestaan alreeds en dit verklaar outomaties dat die leer van evolusie nie kan bestaan nie want, materie moet gevorm word uit materie

-o0o-

en elemente uit elemente. Ek is nou wel geen wetenskaplike nie maar weet dat materie kan nie geskep word nie, dit kan net verander word.

Nou gaan ons terug na wat "***was***". Die Bybel sê vir ons in die begin was dit net God alleen *(Vader, Woord en Gees)*. Daar was niks buitekant Hom nie. Die woordjie ***niks*** beteken niks. Daar was nie ruimte nie, daar was nie lig nie, daar was nie duisternis nie, daar was *niks.* Dit is 'n klein beginseltjie maar tog so groot dat ek en jy sukkel om hierdie beginsel te verstaan:

Hoe kan iets bestaan as daar niks is nie?
Hoe kan iets of iemand bestaan soos die Godheid, maar daar is niks?
Hoe kan iets "*is"* maar daar is nie tyd nie?
Hoe kan iets "*wees"* maar daar is niks?
Hoe kan iets ontstaan of wees of lewe maar, daar is niks?
Waar het God bestaan?
Wanneer het Hy bestaan?
Hoe kan iets bestaan sonder tyd?
Hoe kan iets "*wees* "maar daar is nie tyd nie?
Hoe kan daar asem wees, want die Bybel sê tog vir ons God het Sy asem in die mens geblaas, maar daar is nie lug nie?
Hoe kan God lewe sonder om asem te haal?
Dis 'n klein deeltjie van die bestaan van God, van die *"being"*, die wees, die ontstaan, die bestaan van God en ek en jy kan dit nie verklaar nie, want ons verstand is hopeloos te klein.

Hopelik het ek jou denke nou heeltemal deurmekaar gekrap, want ek sit baie keer en oordink hierdie goed. Dan kom ek tot die slotsom - dit is hoekom Hy die **Almagtige** genoem word; dit is waarom Hy die **Alomteenwoordige** God genoem word. Hy is in die hemel maar Hy is ook op aarde. Hy is op elke ganse plek op aarde, maar Hy is ook in my hart. Hy is so groot want Hy hou vas die hele uitspansel, die sterrestelsel (*galaxies)*, die hele skepping in die palm van Sy hand, maar tog is Hy ook so klein dat Hy in my hart kan woon. Hy is so vol liefde dat Hy Sy seun gegee het om vir my te sterf. Hy is so vol liefde maar ek en jy verstaan nie eens liefde nie, ons het geen idee wat is liefde nie. Ons sê ons het lief maar ons het nog nie eens die beginsel van liefde verstaan nie. Eers as jy begin om jouself te offer dat jy begin verstaan. Liefde is 'n daaglikse proses, liefde is 'n lewenswyse. Liefde lewe en liefde bring voort.

As ons aan al hierdie dinge begin dink, dan kan ons begin te verstaan hoekom word Hy **Almagtig**, **Alomteenwoordig**, **Alwetend**, **Alewige** God genoem, want Hy is die God wat bestaan het toe daar nog niks was nie. Hy is die God wat bestaan het toe daar geen tyd was nie. Hy is die God wat lewe gehad het, wat asem gehad het toe daar niks lug was nie. Ek en jy kan hierdie dinge nie verstaan nie, behalwe as om op jou knieë te gaan en sê: *"Here U sê vir ons ons verstaan nou net ten dele maar eendag sal alles aan ons geopenbaar word. (1 Kor 13:12) "* Dan eers besef 'n mens dat hierdie Almagtige God het niks anders in gedagte, as om my en jou net lief te hê nie.

- Ons moet egter eers die plek bereik (*maar dit sal ons eers na die hiernamaals kan ervaar en aanvaar*) dat ons die volkomendheid van Sy liefde in die vorm van Sy Seun kan ontvang,
- wanneer die Bruid en Bruidegom deur die Vader bymekaar gevoeg word.
- Dan word die eenwording eers 'n werklikheid.

Sodra die Vader dit ...
- as 'n eenheid eers verklaar het en
- ons aanmekaar gegee en
- ons 'n nuwe naam gegee het,
- dan eers kan ons die werklikheid van die liefde van die Seun ten volle ervaar en
- daardie oomblik, daardie geleentheid
- sal ons eers weer die liefde ervaar wat werklik in die Vader se hart is vir my en vir jou.

-o0o-

## 2. GOD, ALWETEND

Ek wil graag met julle deel die Godheid en dit wat die Bybel vir ons leer. Die vorige tema was **God, die Almagtige**, nou wil ek **God, die Alwetende** met julle deel, met ander woorde Hy wat alles weet, Hy wat alles ken. Die Engelse Bybel praat van ***"All Knowing".*** Soos voorheen genoem is my en jou verstand hopeloos te klein om eers te probeer verstaan wat hierdie *Almagtige, Alwetende, Alomteenwoordige, Alewige* God is. Wie Hy werklik is en wat Sy bestaan werklik is. Ek wil dit so eenvoudig moontlik probeer verduidelik wat die Here aan my geopenbaar het van die **Alwetendheid** van God.

Graag deel ek die volgende gebeurtenis.

So klompie jare gelede kuier ons op 'n plaas in die suide van Namibië, daar by Sesriem se kant, in die omgewing van Solitaire. Ons het 'n buitengewone goeie reën jaar gehad. Die gras vlaktes het vir kilometers en kilometers, kan amper sê vir honderde kilometers ver, tot in die heup gestaan. Dit was 'n prentjie om te sien en regtig iets om te belewe. Wanneer die winde van die see se kant af waai, dan lyk dit soos golwe wat oor die grasvlaktes buig. Dit was regtig sprokies-mooi gewees. Dit het so baie gereën dat die gras op die duine op Solitaire begin groei het.

Ek staan agter op die bakkie en ons ry so deur die pragtige wêreld. Op 'n stadium stop ons en die Here sê vir my: "*Gert, Ek wil vandag vir jou iets wys*" en ek kyk na die graspolle en sien hoe staan hierdie graspolle volmaak, deur net soos 'n lewende God, die Skepper, Elohim dit kon gemaak het.

En die volgende oomblik sê die Here vir my: "*Gert sien jy hierdie volmaakte graspolle. Sien jy hoe volmaak is hulle gemaak? In sy element is daar geen, geen gebrek aan hom nie, niks. Hy is perfek gemaak soos wat Ek hom beplan het in hierdie spesifieke tipe van graspol voor die grondlegging van hierdie wêreld.*"

Toe sê die Here vir my: "*Nou wil Ek hê jy moet My Alwetendheid verstaan. Jy kan nou vir My enige vraag aangaande hierdie graspol vra, maak nie saak watter vraag jy vir My wil vra nie.*

- *Hoe het hierdie graspol hier gekom?*
- *Van watter gras polle het 'n stuifmeel korrel gewaai?*
- *Met watter wind? Hoe sterk? Watter rigting? Van waar af om 'n ander gras halmpie te bevrug?*
- *Wat was die temperature?*
- *Wat was die wind sterkte?*
- *Wat was die humiditeit in die grond? Wat was die humiditeit in die lug?*
- *Wat was die wind rigtings? Watter kant toe?*
- *Hoe warm was dit gewees?*

*Maak nie saak, vra My enige vraag aangaande hierdie graspolletjie. Maar nie net tot sy bestaan nie, jy kan terug gaan nou tot in die tyd in toe Ek die eerste graspol op aarde geskape het, toe Ek sê 'laat daar gras wees'.*

- *Jy kan My nou hierdie graspol se geskiedenis vra reguit deur. Enige vraag. Rondom die winde wat gewaai het, die temperatuur, die grond, die PH in die grond, die grond gehalte, die grond struktuur, is dit klipperig, is dit sanderig gewees, maak nie saak nie.*
- *Van die miljoene en miljoene graspolle wat voor hom bestaan het. Watter graspol se saad? Waar het hierdie gras halmpie gestaan in die graspol en watter een van sy stuifmeel korreltjies het afgewaai en by daardie spesifieke graspol gekom en sy saad bevrug?*
- *Jy kan vir My enige vraag vra. Enige vraag rondom enige iets wat betref hierdie graspol se geskiedenis van miljoene jare te vore. Waar hy vandaan kom, maak nie saak wat jy wil weet nie en Ek sal dit vir jou in die volkomendheid van die Almag presies vir jou vertel, alles omtrent hierdie spesifieke graspol*.

-o0o-

Mense, ek staan agter op daardie bakkie en ek is verstom. Ek besef dit maak nie saak wat ek aangaande hierdie een graspolletjie gaan vra nie. In die geskiedenis van hierdie graspol tot die dag wat God hom geskape het, kan God vir my ‘n volkome uitleg gee, net soos God alleen dit vir my kan gee aangaande enige vraag wat ek wil vra. En ek besef, as God Almagtig, as God Alwetend soveel kennis het oor een graspol, en hier staan miljoene graspolle voor my, hoeveel gras saadjies lê daar nie in die grond nie? Hy kan alle verduidelikings rondom alles gee. As dit net is rondom die graspolletjies wat hier in hierdie suidelike gebied van Namibië staan, wat nog van alles verder? Wat van die hele skepping? Wat van die ruimte wat die mens nie eens ken nie? Wat van die dieptes van die see wat die mens nie eens ken nie?

Ek besef dat die Alwetendheid van God kan nie deur ‘n mens bepaal word nie en dit is so waar wat die gedeelte sê in Romeine 11:33  o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! en ek besef Hy ken elke ster by sy naam. Hy ken elke dingetjie, elke planeet, elke son, elke ster, elke iets wat in hierdie skepping gemaak is. Dit maak nie saak watter vraag ons kan vra nie, die *Alwetende God* kan vir ons, nie in menslike taal nie, maar ‘n volkome uitleg gee in perfektheid net soos God Almagtig dit kan doen. Dit is waarom Hy die volkomendheid is tot alle perfektheid, volledig. Adonai, die Almagtige, die Alwetende God.

Maar dit is nie waar ek jou wil laat nie. Nou wil ek dit vir jou sê, ek kyk na daardie graspol en sien hoe perfek is hy gemaak. Daar ontbreek nie ‘n halmpie nie, daar is nie een stingeltjie wat gebreek is nie. Hy is perfek soos God hom gemaak het. En toe sê die Here vir my “*Ek weet watter plan Ek aangaande julle het en net soos wat My plan vir hierdie graspol perfek was, so is My plan vir jou lewe ook, perfek reeds uitgelê voor die grondlegging van die wêreld”.*

Jeremia 29:11 Want Ék weet watter gedagte Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee.

*“En Ek het reeds alles ingeskrywe in die ewigheid in. En Ek het jou aarde toe gestuur as My maaksel as jou Skepper, net soos hierdie graspol het ek jou gestuur, maar ek het jou bietjie beter gemaak. Ek het My asem in jou neus ingeblaas sodat jy My stem kan hoor, Ek het jou ore gee, Ek het jou ‘n stem gegee sodat jy met My kan praat. En Ek het jou die Heilige Gees gee sodat die Heilige Gees jou kan leer en jou kan onderrig op die pad wat jy moet gaan en sodat Hy jou kan raad gee en Sy oog oor jou sal hou”.*

Psalm 32:8 Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil jou raad gee; my oog sal op jou wees

Toe sê die Here vir my “*Hoekom vertrou julle My nie? Julle maak soveel keer julle eie planne, jul eie besluite. Julle vertrou soveel op die mens, julle vertrou soveel op julle self, maar vir My wat eintlik sit met die Wysheid en Alwetendheid om in jou lewe ‘n perfekte plan te maak, jou persoonlikheid uitlewe wat Ek alreeds voor die grondlegging van die wêreld gemaak het, vir My vertrou julle nie, vir My roep julle nie aan nie?*”

Agterna het ek het twee keer gedink. Hy is die perfekte God. Hy is die Alwetende God, Hy het nog nooit ‘n fout gemaak nie. Hy is die foutlose God. Kom ons begin regtig die Here in al ons weë te vertrou. Sê die Bybel nie vir ons “..*as jy My ken in al jou weë nie sal EK jou pad vir jou gelyk maak.?”* Dis Woord!

Kom ons vertrou op die Here, kom ons vra Sy raad. Kom ons vra Sy Wysheid. Hy ís die Alwetende God, Hy weet alles. Geen vraag is vir Hom onbeantwoordbaar nie.

-o0o-

## 3. GOD, DIE ALOMTEENWOORDIGE

Ek wil nou oor die term **Ewige** praat en as ek daarby uitkom, gaan ek praat oor die term **Alomteenwoordige** God.

**TYD**

Ek en jy as mens is vasgevang op hierdie aarde met een groot element en dit is **tyd**. Dit is die spoel waarom alles draai, want die aarde draai vier-en-twintig (24) uur om sy as en dit gee vir ons dan een (1) dag. Dus, alles wat in die lewe is, word bepaal deur tyd. Ons het sekere ure dag en sekere ure nag. Daar is sekere dinge wat ons gedurende die dag kan doen en daar is sekere dinge wat ons nie kan doen in die nag nie en so werk dit "visa versa".

So, ons hele menswees, ons hele totale beplanning gaan oor tyd. Sou ons iets in die nag wou doen sê byvoorbeeld ons wil iewers heen ry, dan moet ons sorg dat die kar se ligte werk en so aan. Die meeste misdaad vind in die nag plaas wanneer niemand dit kan sien nie. Alles gaan oor tyd, ons hele menswees draai rondom tyd. Daarom is dit vir ons so moeilik is om te kan verstaan wat dit beteken om tydloos te wees, om buitekant tyd te wees. Met ander woorde dat tyd geen effek op jou kan hê nie. Ons moet een ding onthou, die oomblik as ons maan toe gaan is ons al klaar buitekant die aardse tyd. Die oomblik as ons na buite ruimte toe gaan is ons buitekant tyd wat ek en jy ken as vier en twintig (24) uur; dan is ons in iets anderste wat die hele raamwerk deurmekaar gooi.

Ek onthou die tye toe ons in Namibië die uur in die winter tyd terug geskuif het, hoe dit jou hele alles omver gegooi het. Dit het jou hele menswees omver gegooi. Dit neem jou letterlik maande om reg te kom sodat jy kan besef jy is 'n uur na wat jy eintlik moet wees - net een uur. As mens Europa toe gaan, is daardie groot tydsverskil in tyd sones van die son, byvoorbeeld soos Ysland wanneer sekere tye van die jaar nooit nag word nie en sekere tye van die jaar nooit dag word nie. Die tipe dinge beïnvloed jou so sielkundig, dat jy eintlik sielkundige hulp benodig.

Tyd het 'n geweldige impak op 'n mens en in die hele natuur se lewe. Dit is vir ons bitter moeilik om te kan begryp dat tyd op die *Almagtige, Alwetende, Tydlose* God geen effek op Hom het nie; Hy is buitekant tyd. Hy heers oor tyd.

As ons sê Hy heers oor tyd dan moet ons begin by die begin. Nou wat is die begin?

Die Bybel sê vir ons *"...in die begin..." Genesis 1:1*. Alles wat 'n begin het, moet iets voor dit hê. Nou vra ek altyd: Wat was daar voor dit? En al wat dit was, was die ewige verlede. Ek en jy as mens kan dit nie verstaan nie. In die Vrymakingskursus probeer ek dit met 'n strepie op die bord verduidelik, want dit is wat ek en jy verstaan as tyd. Maar die *Ewige* God het 'n bestaansera. Ek kan dit nie eintlik iets anders noem nie, want jy kan dit nie tyd noem nie, want die oomblik as jy sê "Tyd" dan plaas jy Hom in tyd in en Hy kan nie in tyd wees nie. Hy is buitekant tyd. Hy is heeltemal verhewe bo tyd. Dit is hoekom die Bybel vir ons sê *'n dag is soos 'n duisend jaar en 'n duisend jaar is soos 'n dag*. Vir Hom is dit een groot lange, ewige bestaansera. Ewige verlede tot 'n ewige toekoms. Hy is die Ewige God, Hy het nie 'n begin nie, ook nie 'n einde nie, Hy is die Alpha en Omega, Hy bestaan van alle ewigheid af tot in alle ewigheid.

2 Petrus 3:8 Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die Here soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag.

Dit is bitter moeilik vir my en jou om hierdie term te verstaan, maar as jy so bietjie nadink, sal jy miskien begin besef dat as ek en jy in God se Raadsplan is, moet ons eintlik uit tyd uit beweeg. Tyd moet eintlik nie 'n faktor in my lewe wees nie. Tyd moet nie oor my heers nie, ek moet oor tyd regeer. Dit is hoekom Jesus altyd gesê het *"..my tyd het nog nie gekom nie..." (Joh 2:4).* Daar was vasgestelde dinge in Sy lewe gewees en Hy het presies die Raadsplan van die Vader geken wat buitekant tyd is, wat in tyd in funksioneer, deur Sy Gees in Christus in en Christus het presies geweet wanneer, waar en hoe en wat moet gebeur. Daarom was Hy nie bang nie en dit is hoekom hulle Hom by die krans wou afgooi. Dan stap Hy tussen hulle deur want Sy tyd het nog nie gekom nie. (Luk 4:29). Hy is nie bang nie, Hy soebat

-o0o-

en smeek nie om genade nie, Hy pleit nie vir dit of dat nie. Hy weet. Selfs toe Hy terug gaan na Jerusalem, toe sê hulle vir Hom om nie terug te gaan nie. Toe sê die Hy vir hulle *"...my tyd het gekom.."* (Matt 20:17-19). *Ek gaan nou die plek instap want Ek stap nie net hier in nie, geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here* *(Matt 23:39), Ek stap in hierdie tyd in, Ek heers oor tyd, Ek heers oor alles wat vasgevang is in tyd sodat tyd op My gee effek kan hê nie sodat Ek nog steeds oor dit kan heers*. Dit is hoekom ons moet die Vader vra om ons te kan help.

**EK IS**

Ek kom nou terug na hierdie punt toe want daar lê 'n ewigheid voor. Nadat ons alles oor hierdie wonderlike, onverstaanbare God oordink het, is dit 'n kosbare gedagte om te besef hoekom Hy vir Moses sê: **EK IS**. "*Moses as Ek My regtig aan jou moet openbaar sal jy nie weet waarvan Ek praat nie, want daar is geen manier hoe enige mens kan verstaan wie EK is nie*".

Ek dink wat Johannes bedoel in die boek Johannes, as hy alles moes neerskryf wat Jesus in 3 jaar gedoen het, sou geen boek of alle boeke op die aarde bymekaar gesit, dit kon beskrywe hoe hy (Johannes) dit ervaar het nie. Ek dink hy het nie die fisiese maar die geestelike aspek gesien.

**Joh 21:25** En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen.

Nou wil ek twee duisend (2000) jaar verder jaar gaan. Die wetenskap is baie verder gevorderd as in daardie tyd. Sou ek vandag al die kennis van al die mense op aarde ooit kon besit en dit in een brein of een rekenaar vaslê, dan het ek nog nie die begin van die grootheid van God te besing nie. Dis hoekom Romeine vir ons sê:

o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen. *Romeine 11:33 -36* Wat 'n wonderlike beskrywing, dis al wat ons kan sê.

Mense, daarom dit so belangrik is dat ons God sal besing en proklameer met 'n liefdesmelodie en die Woord gebruik om Hom te verheerlik, want ek en jy kan nie Hom nie werklik verheerlik of, Hom groot maak en prys nie. Daar is mense wat sê " kom ons prys so bietjie die Here". Nee, nee, nee, nee, jy kan nie regtig die Here prys nie want 'n stukkie stof kan nie sy Maker prys nie. Hoe kan jy Hom prys, want jy is dan net 'n stukkie stof? Wat ons egter wel kan doen, Hy het vir ons die Gees gegee en Hy het vir ons die Woord gegee en as die Gees in ons die Woord gebruik om die Vader te verheerlik, dan is ek en jy maar net 'n instrument (vessel). Dan eers kan ons die Vader verheerlik. Daarom verheerlik ons die Vader as ons Jesus Christus bely met ons mond. Met ander woorde ons lewe die vrug uit wat die Vader vir ons gegee het in Christus Jesus.

Mense nou wil ek vir jou ietsie sê. Jy weet, die wonderlikste van alles is, is dat hierdie *Almagtige, Alwetende, Ewige, Alomteenwoordige* God oral op dieselfde oomblik kan wees, want **HY IS.** Hy sê: **EK IS.** Op dieselfde oomblik is God altyd oral in die hele skepping en nog buitekant dit, want *HY IS.*

**'n TOEKOMS**

Nou gaan ek jou seën met iets baie besonders. Omdat Hy oral is op dieselfde oomblik hoef jy nie na Hom te soek nie, maar om by Hom uit te kom het jy één Persoon nodig en dit is Jesus Christus, Sy Seun. Hy sê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Joh. 14:6.

-o0o-

- In hierdie Ewige God is daar ‘n toekoms,
- Is daar ‘n ewigheid in gelê.

Toe ek en jy dit nie kon maak nie,
- toe die dood, die sonde die dood ingebring het en
- ons afgeskei het en
- ons vasgevang is in tyd en
- ons is afgeskei van hierdie Ewige God en Sy ewige bestaan en Sy volkome Godheid,

wie Hy alles is, toe stuur Hy Christus Jesus Sy Seun
- om my en jou te kom uithaal,
- uit hierdie vervloeking van hierdie wêreld,
- om my en jou na Hom toe te bring as Sy Bruid, as Sy Liggaam
- sodat ek en jy saam met Hom eendag die ewigheid kan beërwe. Joh 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Daar is ‘n keuse wat uitgeoefen moet word **in** Christus of nie in Christus nie. Nou verstaan julle die enigste plan wat kan werk, naamlik die Weg, die Waarheid en die Lewe. Joh. 14:6. Die enigste Een wat ons ander kant toe kan neem, die ewigheid kan invat saam met die Vader, is Christus Jesus.

Ek het probeer verduidelik wat die Here aan my openbaar het. Hierdie dinge is groter as wat mens dit kan beskryf in menslike woorde. Vat hierdie dinge en mediteer daaroor. Vra vir die Here: o HERE, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, verheerlik in heiligheid, gedug in roemryke dade, een wat wonders doen? Exodus 15:11 Here wie is soos u?

Mag die Here elke oor seën wat hoor wat die Gees aan die gemeente sê.

Mag hierdie woord aanklank vind en ‘n bousteen word in jou lewe en manna wees wat jou voed en jou oprig as ‘n sterk, gevestigde pilaar in Christus sodat Sy koninkryk op jou gebou kan word.

-o0o-

**Skrifgedeeltes wat aangehaal word:**

**1 Kor 13:12** Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is.

**Spreuke 3:6** Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak

**Openbaring 1:8** Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

**Lukas 4:28** En almal in die sinagoge is met woede vervul toe hulle dit hoor;
Luk 4:29 en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi.
Luk 4:30 Maar Hy het tussen hulle deur geloop en weggegaan.